

Inhoud Dooppreek. Doop Kinderdoop Bekeringsdoop Rituele. Hierdie preek wys dat ons as gelowiges se kinders is in Christus. Hy sluit hulle in Homself as mens in die hemel in en só is God sy Vader, hul Vader, en gee Hy aan hulle die Heilige Gees as waarborg vir wie Hy hulle sal laat wees. Hul doop wys hulle is in Christus en daarom vir God heilig. Hul doop wys al hul sondes is vir altyd klaar betaal. In afgodsdienste word die doop 'n ritueel van bekering gemaak en verbind mense vir die res van hul lewe om hulself met rituele te versier wanneer hulle hul eie sondes weer self reggemaak of daarvoor vergoed het.

Skriflesing Efe. 1: 1 – 14; Mat. 3: 13 – 17.

Teks Efe. 1: 13 In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël.

Tema Die doop bevestig dat Christus ons in sy menswees insluit

1. Die Kinders! Ons doop vanoggend vir JC Young! Ons doop hom net soos ons elkeen van julle gedoop het. Ons van water, en terwyl ons die water oor hom uitgooi sê ek as dominee: “Ons doop JC in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.”

Wat is hierdie doop en hoekom doen ons dit met JC, en het ons dit met julle elkeen gedoen?

Wat die doop is en hoekom ons JC doop het ons nou net gehoor uit die Woord van die Here uit twee besondere teksverse. Kom ons luister weer na hierdie twee teksverse!

Efe. 1: 13: “In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël.” Die doop is 'n beseëling in Christus deur die Heilige Gees dat JC die eiendom van God is – hy behoort aan God.

Efe. 1: 3: “Die doop is 'n beseëling dat God die Vader in Christus ons met al die seëninge van die Heilige Gees in die hemel geseën het.” “Seëninge” beteken “goeie dinge”. Die doop wys dat God die Vader ons al die goeie dinge wat ons nodig het as Vader vir ons gee in Jesus en deur die Gees.

Hier is 'n paar dinge wat ons moet verduidelik voordat ons hierdie woorde van die Here kan glo! Wat beteken dit om “in Christus” te wees, om “beseël te word”, om met die seëninge van die Gees geseën te word, om “die eiendom van God” te wees en om 'n waarborg te hê.

2. Ons gaan al hierdie geloofsake vanoggend verduidelik met 'n koevert, 'n skoon papier, 'n seël wat ons op 'n koevert plak en plakkertjies.

JC is 'n babatjie wat nog nie 'n sonde gedoen het nie. Hy kan nog nie steel, vloek of mense seer maak nie. Hy skree maar net as hy honger is of iets hom pla, maar dit is nie 'n sonde om so te skree en te kerm nie, al voel pa en ma dit pla hulle baie.

Daarom kan ons sê hy is so mooi skoon soos hierdie wit papier. Pa en ma, oupa en ouma, oom en tannies en niggies weet hy doen nog niks verkeerd nie, maar ons almal weet dit gaan nie so bly nie. So van twee jaar af dan verander al hierdie sondeloosheid. Die Engelse noem dit die "Terrible two's." Dan kom hy agter hy het 'n eie wil en voel al so bietjie hy et 'n eie persoon en dan begin dit alles. Hy word kwaad omdat hy nie sy sin kry nie, hy kyk pa so mooi in die oë en vat aan daardie mooi ornament van ma en wanneer pa JC sê: "Moenie, dit vat nie, jy gaan dit breek!", dan gee hy so mooi laggie en trek dit en laat dit val en breek! Doelbewus ongehoorsaam op twee jaar oud! En daarom is al die honde, katte en voëls wat in die huis is nou in gevaar! Hy gaan hulle seermaak!

Sodra JC sy eie en persoon wil ontdek, gaan hy begin sondes doen!

3. Hoe lyk hierdie skoon papier, JC, nou?

Dit kry sulke klein kolletjies op, want dit is nog baie klein sondes! Maar nou is die 'n wit papier met kolletjies op! Omdat dit sulke klein goedjies is wat hy doen en pa en ma sterker en groter as hy voel, maak hulle asof dit nie regtig daar is nie. En oupas en oumas, pastore en dominees, en sielkundiges help hulle en vertel hulle dit is eintlik onskuldig en maar net 'n manier waarop hulle hulself ontdek en grense toets! Hulle klein sondes is nie regtig sondes nie!

Maar JC gaan mos groter word en wanneer hy so vier of vyf jaar oud is gaan sy pa en ma sien hy is partykeer jaloers en woedend op sy suster Mila, en maak haar seer as hulle nie kyk nie, maar maak asof hy niks gedoen het as hulle kyk. Hy maak al leuens op! Hoe lyk hierdie skoon papier nou? Nou lyk die sondes, die vlekke groter!

En wanneer hy 'n tiener gaan wees en pa JC sê: "Jy ry nie met my kar nie", gaan hy maak net soos toe hy twee jaar oud was. Hy gaan pa in die oë kyk en later skelm met die kar ry. Nou lyk dit soos regte groot sondes en nou raak die oupas, oumas, pastore en dominees en sielkundiges gereed met al hulle verduidelikings en oplossings!

Hoe lyk hierdie skoon papier nou? Nou is dit regtig vol groot strepe, en kolle en vlekke!

4. Nou hoe gaan JC weer vir die Here 'n skoon papier wees, soos Paulus in Kol. 1: 22 sê ons is heilig, sonder smet en onberispelik voor God? Meer nog, kan JC vandat hy gebore is vir altyd vir die Here 'n skoon bly, sonder kolle, strepe en vlekke?

Om die vraag te antwoord moet ons weet wat beteken die woorde: "in Christus". die kinders gaan vanoggend die slagspreuk leer: "Jesus is altyd en orals God met ons." Jesus is die Skepper wat JC gemaak het en altyd saam met hom was van sy eerste minuut af binne in sy ma. En toe gebeur Kersfees! Jesus word ook as 'n babatjie gebore, net soos JC, om saam met ons ook 'n wit papier te wees net soos ons. Jesus is ook 'n mens van vleis en bloed soos ons in die hemel. Dit was verlede Sondag se slagspreuk vir die kinders!

En toe laat Jesus Hom deur Johannes doop! Johannes wou Jesus glad nie doop nie want Hy doop mense wie se sondes weggevat word deur die Here. Daarom weier hy en sê vir die Here hy kan Hom nie doop nie want Hy weet Jesus het vandag Hy 'n baba tot en met Hy 'n grootmens was, nooit enige sondes gedoen nie. Jesus was en is vandag 'n skoon papier wat geen kol, streep of vlek op het nie! Hy is heilig, sonder smet en onberispelik.

5. Jesus beveel Johannes egter om Hom te doop, net soos ons julle en nou vir JC gaan doop! Jesus vertel vir hom hoekom. Nie omdat Jesus se sondes weggevat en Jesus skoon gemaak moet word nie, maar sodat Jesus "op hierdie manier alle geregtigheid vervul." Mat. 3: 15 (Direkte Afrikaanse Vertaling)

Dit beteken Jesus laat Homself doop sodat Hy sy kinders se sondes sal wegvat sodat hulle altyd sonder enige kol, streep of vlek voor God sal kan leef. Jesus se doop maak Hom 'n koevert!

Kyk na hierdie koevert wat ek hier vashou! Dit is maar net nog 'n skoon en wit papier! Maar dit is so opgevou dat dit iets meer as net 'n skoon papier. Nou is dit 'n koevert! Nou kan ons briewe binne in die koevert insit en toeplak. Jesus het Homself laat doop sodat Hy vir ons 'n koevert kan wees. Dit is sodat Hy vir ons 'n mens kan wees by wie ons ingesluit, ingesit en toegeplak kan wees.

Dit is wat die woorde "in Christus", "deur Christus" en "met Christus" beteken in al Paulus se briewe. Christus verenig ons met hom deur ons in Homself in te sit en ons binne in Hom toe te plak. Nou is ons "Christus" soos 'n papier binne in 'n koevert is.

Dit is wat JC se doop vir hom wys en julle doop ook vir julle wys. Die Here het julle in Hom ingesluit en julle is met die Here as mens verenig. Jesus se doop wys Hy is die koevert wat skoon en onberispelik is en ons doop wys Hy het ons binne in Hom ingesluit. Ons is ingedoop in Jesus Christus.

6. Nou is ons deel van Jesus se heiligheid en onberispelikeid as mens voor God!
Efe. 1: 4 sê ons is deur God uitverkies om in Christus heilig en onberispelik te wees.

As julle na hierdie papier kyk as op sy eie buite die koevert, dan is hy vuil, vol merke, kolle en kreukels. Wanneer hierdie papier binne die koevert is gebeur daar iets baie spesiaals. Die koevert vat al die kolle en strepe weg en wys vir die papier net sy mooi skoon kant. Binne in die koevert is hierdie papier nou vir almal skoon en reg.

Dit is wat die Here met JC doen. Hy vat al sy kolle en strepe en kreukels en maak dit sy eie, en die Here vat sy heiligheid, om skoon te wees en onberispelikeid, sonder enige foute te wees en maak dit JC sin. Die Here maak al JC se sondes Syne en al Jesus se heiligheid en onberispelikeid JC sin.

Dit is hoekom ons hom doop! Die water wys Jesus het sy vuilheid Syne gemaak net soos skoon water vuil skottelgoed se vuilheid vat en Jesus het sy heiligheid en onberispelikeid JC sin gemaak, net soos water se reinheid joune word as jy daarmee gewas word.

Dit is wat die woord seëninge in Efe.1: 3 beteken: Die Vader het ons met al die seëninge wat in die hemele in Christus is geseën. Hy maak die onskuldigheid, die reinheid, die regverdigheid, die smetloosheid en die onberispelikeid van Jesus ons eie. Alles wat die koevert is waarbinne ons nou ingesluit is, is ons eie en tel vir ons! Dit is nou ons seëninge.

7. Die woord “verseël” beteken om gedoop te wees! Die doop is ’n verseëling.

Kyk weer na hierdie koevert waarbinne die papier nou is! Wat kort? Daar kort ’n seël! Hier het ek so seël. Wat maak hierdie papiertjie ’n seël? Dit is nie die gom nie. Hier het ek ’n plakkertjies. Dit is skoenlappertjies en hartjies en karretjies. Hulle het almal gom agterop maar dit is nie seëls nie. Die prentjie op hierdie papiertjie maak dit ook nie ’n seël nie. Hierdie plakkertjies van skoenlappertjies, hartjies en karretjies is mooier as die seël s’n.

Wat ’n seël ’n seël maak is dat dit ’n bewys is dat alles klaar betaal is! Hierdie seël wys iemand het alles betaal wat nodig is dat hierdie koevert behoort aan die een en sal uitkom by die een wie se adres op hom is. “Verseël” beteken om ’n bewys op te sit dat alles is klaar betaal!

Die doop met water is ’n verseëling dat Jesus al JC se sondes, vandat hy in sy “terrible two's” in gaan tot hy eendag tagtig jaar oud gaan wees, is klaar betaal. Daarom sê Paulus in Efe. 1: 7 dat ons deur die bloed van Jesus verlos is want dit maak dat al ons sondes vergewe is. Jesus se bloed beteken Hy betaal met sy kruis en dood al ons sondes vir altyd. Alles is klaar vir altyd betaal! JC sal nooit vir enige

sondes wat hy ooit gaan doen, enige skuld hê wat hy met die Here moet regmaak nie. Want alles is klaar betaal.

Hierdie doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees is die verseëling Jesus het alles klaar betaal vir altyd. Hierdie papier in die kovert betaal nooit vir enige sondes nie en is nooit weer skuldig vir enige kolle, strepe of merke nie, want in Jesus is jy beseël – “alles vir altyd klaar betaal!”

8. Geadresseer en gewaarborg!

Geadresseer!

Wat kort hier nog op hierdie koevert? 'n Adres! Die adres is die persoon aan wie dit behoort en by wie dit sal uitkom! Aan wie Behoort JC? Kyk weer wat sê die Bybelvers: “In Christus het die Heilige Gees ... julle as die eiendom van God beseël.” In die volgende vers staan daar “die wat aan Hom behoort. Die boek Efesiërs noem al die lidmate van die gemeente ook so in 1: 1 “Aan almal in Efese wat aan God behoort”.

Hoe behoort hulle aan God? Só! Hulle is deur God se genadige beskikking bestem om kinders van God te wees. (Efe. 1:5) Ons behoort aan God die Vader omdat Hy ons sy kinders gemaak het. Kinders behoort aan hulle Vader!

Kom ons skryf met hierdie pen nou die regte adres op hierdie koevert! Ons skryf op die koevert een woord: “Vader” So is JC deur Jesus by Homself ingesit! Jesus het Hom beseël met die doop wat wys al sy sondes is vir altyd klaar betaal en Jesus het JC geadresseer: JC behoort aan God die Vader. Hy is 'n kind van die Vader van Jesus Christus.

Gewaarborg! Wanneer ons hierdie brief binne in 'n koevert, met 'n seël en adres op, binne in 'n posbus gooi, dan word die poskantoor die waarborg dat hierdie brief in die koevert sal uitkom by die adres op die koevert! Net so maak Jesus die Heilige Gees die waarborg vir JC dat Hy altyd aan die Vader sal behoort en altyd op die reis en na die bestemming op pad sal wees wat God die Vader vir hom gee en met Hom deel.

So! Wanneer ons JC met water doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, dan verseker hierdie doop as teken dat JC ingesit en toegeplak is binne in Jesus Christus, dat JC se sondes Jesus s'n is en Jesus se heiligheid en reinheid JC s'n is, dat alles vir sy sondes klaar betaal is, dat hy aan God die Vader behoort, dit is sy adres, en dat die Heilige Gees die waarborg is dat JC saam met die Vader sal leef en sy bestemming sal vind vir ewig by die Vader.

Net soos met hierdie papier vol kolle op: ingesluit en toegeplak in die koevert, deel van die skoon wees van die koevert, met 'n seël wat wys alles is klaar betaal, met 'n adres en die waarborg van die poskantoor.

9. Skelm en onderduimse dominees!

Daar is regtig sulke dominees. Skelm en onderduims! Kyk hoe beskryf Paulus dit in hierdie brief: “Dan sal julle nie meer kinders wees nie: ons sal nie meer soos golwe op en af en heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer as vals leraar ons met hulle slinksheid en listigheid ons op dwaalweë wil wegvoer nie. Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe.”(Efe. 4: 14,15)

Skelm en onderduimse dominees is vals predikante wat jou wegvat van Christus af. Hulle wil jou wegvoer van Christus af sodat jy nie meer in en by Christus is nie, maar op 'n plek waar hulle jou wil hê om met jou te kan maak net wat hulle wil en met jou te mors net soos hulle wil.

Kom ons kyk hoe probeer hierdie skelm en onderduimse dominees in die kerk ons van Christus af wegvat!

Hulle vertel lidmate dat Jesus nie babatjies insit en toeplak binne in Homself nie. Hulle sê die rede daarvoor is omdat babatjies nog nie sondes gedoen het nie. Hulle is nog mooi skoon papiere sonder kolle, strepe of vuilplekke op! Daarom is dit nie vir hulle nodig om ingesluit te wees binne in Jesus nie!

Nou gaan ek vir julle kinders iets wys wat nie vir pappas en mammas lekker is om te hoor nie. Sien julle hierdie skoon wit papier het nog nie een kolletjie op nie. Maar nou vat ek hierdie papier en frommel hom op en maak hom weer oop. Nou is hy nog sonder enige kolletjies, maar vol plooië en voue. Dit is hoe babatjies is! Hulle het nog glad nie enige sonde gedoen nie, maar hulle word met sondige plooië en voue gebore. Hulle is van geboorte af gekreukel. Dit noem die Bybel hulle sondige natuur.

Daarom sit Jesus babatjies ook binne in Homself en plak hulle binne in Homself toe, want dan is hulle kreukels en voue Syne en sy mooi glad buitekant as koevert is hulle s'n. Sy gladde mooi kante tel vir hulle kreukels en plooië.

Hulle moet ook deur Jesus ingesluit word binne in Homself om heilig en rein te wees. Hulle word nie heilig en rein gebore nie.

10 Hoe vat hierdie skelm en onderduimse dominees met hulle preke, Sondagskoollesse, Bybelstudies en jeugkampe kinders van Jesus af weg?

Kyk wat gaan ek nou met hierdie papier wat binne in hierdie koevert toegeplak is doen! Ek vat hierdie skerp mes en skeur die koevert oop en haal die papier uit sodat almal sy kolle en strepe, sy sondes kan sien.

So skeur hulle kinders uit Jesus uit! Hulle sê vir kinders dat hulle nie mag glo hulle is ingesluit binne in Christus nie, hulle mag nie glo Jesus, die koevert vat hul sondes en hulle kry sy skoonheid nie, hulle mag nog miskien glo hul ouers het hul in een of ander verbond met God ingesit waar die ouers beloof het om die kinders vir God groot te maak, maar jy moet uit Christus uitgeskeur word en só met al jou sondes voor God gaan staan buite Christus.

Dan moet jy skaam en sleg voel oor jou kolle en strepe, huil en kerm oor jou vuil vlekke, beloof om nooit weer sondes te doen nie en mooi vra dat die Here jou nie in die asblik weggooi nie! Wanneer jy so buite Christus voor God staan, en huil en bely en pleit en kern en beloof, dan vertel hierdie skelm en onderduimse dominees vir jou, nou het jy 'n nuwe blaadjie vir God omgeslaan.

Kyk wat gaan ek nou met hierdie papier vol kolle en strepe doen! Ek draai om hom sodat sy vuil kant agter is en hy nou 'n nuwe skoon kant wys. Hy het nou 'n nuwe blaadjie omgeslaan. Hy het van sy vuil kant na sy skoon kant toe gedraai!

Hy is nie in Christus ingesit nie. Hy is buite Christus maar het net 'n nuwe blaadjie omgeslaan. Kyk wat sê hierdie skelm en onderduimse dominees nou! Nou sê hulle vir die kinders – nou moet ons 'n seël op jou plak, nie op die koevert nie, maar sommer so op jouself as papier!

Wat beteken 'n seël wat ons sommer so op 'n brief plak wat nie binne in 'n koevert is nie? Dit beteken glad nie meer: "In Christus ingesit en alles klaar betaal nie." Dit is nou iets anders. Nou maak hierdie skelms asof hierdie seël wys jy het 'n nuwe blaadjie omgeslaan! Hulle maak van die doop nou 'n mooi prentjie net soos al die ander mooi prentjies van karre, hartjies en skoenlappers, en vertel jou jou doop wys hoe mooi is jy nou na jy 'n nuwe blaadjie omgeslaan het.

Uitgeskeur uit Christus, vuil op jou eie voor God om 'n nuwe blaadjie om te slaan en met 'n seël beplak asof dit jou mooi laat lyk. Hulle noem dit die "bekeringsdoop!"

11. Maar hou hierdie hierdie kind wat hulle so uit Jesus uitgeskeur het 'n baie groot probleem! Wanneer hy so 'n nuwe blaadjie omgeslaan het, gaan hy nou nooit weer 'n sonde doen nie?

Hy is mos nou 'n tiener! Hy gaan op hierdie mooi kant wat hy nou na toe omgeslaan het mos weer kolle, strepe en merke opsit met sy sondes! En nou? Kan hy weer 'n nuwe blaadjie omslaan as die ander kant ook vuil en vol strepe is? En moet hy nou weer in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees gedoop word elke keer as hy weer jammer is, pleit en kerm en beloftes oor sy sondes maak?

Hy kan nie 'n nuwe blaadjie omslaan nie want die ander kant is al klaar vol sondes! Nou begin hulle met plakkertjies! Sien julle hierdie mooi plakkertjies van karretjies,

hartjies en skoenlappers. Plakkertjies wys nie “alles is klaar betaal nie”. Plakkertjies is mooimaak goed!

Hierdie dominees se plakkertjies is nuwe rituele wat hulle gebruik elke keer as jy weer wil skoon en rein wees. Dit werk só! Wanneer jy nou klaar ’n nuwe blaadjie omgeslaan het en weer jou tienersonde gaan doen, dan moet jy Sondag kerk toe kom, en voor by die kerkdeur het hulle dan ’n bad vol water. Dan moet jy jou skoene en uittrek en met jou voete deur hierdie water loop sodat jy kan sien jy is nou weer ’n nuwe skoon mens! Hulle moet dit doen want hulle is nie binne in Christus altyd deel van sy reinheid nie en hulle doop wys nie meer “Alles vir altyd klaar betaal nie.”

Kyk na hierdie papier! Kyk wat doen ek met hierdie vuil kol! Ek plak ’n mooi plakkertjie van ’n hartjie op om die kol toe te maak! Nou kan jy nie meer die vuil kol sien nie. Dit is met ’n plakkertjie mooi gemaak. So maak hulle sondes met bakke vol water waardeur jy moet loop kamstig God se plakkertjies wat sondes mooi toeplak!

En nou kom die matriek afskeid met die partytjies na die tyd en jy doen ’n groot sonde. Nou is hierdie sonde te groot vir klein plakkertjies. Nou vat die skelm dominee jou na ’n swembad en as jy klaar deur die swembad geswem het dan sê hy dit was God se groot skoenlapperplakker en nou is daardie groot sonde toegeplak met ’n ritueel, ’n waterspeletjie.

En so hou dit aan en aan en aan! Wanneer jy in die kerk geloofsbelydenis wil aflê, moet die dominees jou eers met water nat spuit of jy moet met jou hand in die doopbak se water rondvoetel! Dit is nuwe plakkertjies om nuwe sondes te laat mooi lyk – nou is jy weer ’n mooi nuwe mens met ’n nuwe mooi plakkertjie! En elke Sondag is daar ’n nuwe plakkertjie! Kerse wat wys jy het die Heilige Gees gekry, houtkruise waarop jy jou sondes geskryf op papiertjies moet vasspyker en dan is hulle weer toegeplak, mooi gemaak as ’n nuwe mens wat weer nuut opgestaan het!

12. Die kinders! Kyk die verskil!

Ingesluit binne in Christus wys jou sondes nooit weer nie want sy rein en sondelose lewe wys altyd en tel altyd vir jou! Ingesluit in Hom dra jy nie mooi maak plakkertjies, rituele nie, maar ’n teken dat Jesus vir alle sondes vir altyd betaal het en het jy nooit ’n mooi maakplakkertjie nodig nie. Ingesluit in Hom behoort jy aan God die Vader en sal die Heilige Gees jou op jou lewenspad lei om altyd binne in Christus met God die Vader te leef.

Uitgeskeur uit Christus deur skelm en onderduimse dominees!

Hulle maak jou doop ’n mooi prentjie wat wys jy het ’n nuwe blaadjie omgeslaan – en vir die res van jou lewe moet jy nou altyd alles self met God reg maak en goed maak, en elke keer wanneer jy dit doen – dan sit hulle vir jou ’n nuwe plakkertjie op

om weer mooi te lyk. Sit hulle jou weer deur een of ander ritueel wat hulle self uitgedink en opgemaak het.

Ons mag nooit hierdie skelms toelaat om julle uit Christus te probeer skeur nie!

Ek wil afsluit met 'n vertelling. Die jaar na my studies was ek jeughulp in 1981 vir die jeug van Silverton gemeente. Die Hatfield Baptiste het onder die NG Kerk se kinders gemaai. Hulle het die LO onderwyser van Silverton Hoërskool so 'n skelm en onderduimse dominee vir kinders in die skool gemaak. Eendag het 'n matriek seun met my kom praat oor wat hierdie onderwyser met hom gedoen het. Hy het hartverskeurend gehuil. Dit is nie 'n mooi ding om na te kyk – 'n matriekseun wat so huil nie en dit was vir hom vernederd. Ek was jonk met my werk en het een of ander sielkundige of sosiale trauma verwag. Maar hy het huilend net dit gesê: “Meneer het vir my gesê ek is nie 'n kind van God nie, ek behoort nie aan die Here nie.” Ek het dit later verstaan! Die meneer was 'n skelm dominee wat hom uit Christus probeer uitskeur het en só buite Christus met sy sondes voor God wou laat staan en pleit, en kerm en bid as iemand wat nie aan God behoort nie!

Hy wou van hierdie seun se doop wat, wys alles is klaar betaal, net 'n plakkertjie maak wat wys hy het 'n nuwe blaadjie omgeslaan – en dan moes hy buite Christus alleen met God gaan leef met dominees wat elke Sondag plakketjies opsit om hom mooi te laat lyk vir God.

Ons gaan vandag nou vir JC Young doop! Nie om hom met 'n plakkertjie mooi maak nie. Ons gaan hom verseël met die teken van die Here! Ons gaan Hom met water doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees wat vir hom altyd sal wys:

- Ek is ingesluit in Christus!
- Ek word met sy seëninge geseën: my sondes dra Christus in Homself sodat ek deel van sy reinheid en heiligheid is.
- Al my sondes is vir altyd klaar betaal!
- Ek behoort aan God die Vader vir altyd en die Heilige Gees sal sorg dat ek my lewe met Hom leef.

Kom ons doop vir JC met die teken van die Here die doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.